

George Weideman

**MY PLAAS
SE NAAM IS
VERGENOEG**

drama

PRAAG



Chosna Beuke. Muir
Bloemfontein, Julie 2007

MY PLAAS SE NAAM IS VERGENOEG

Vui Chosna

George Weideman

13 November 2007

*Vir Johan en sy span,
en met dank aan Braam de Vries,
Ronnie Belcher en Danie Botha*

*Met dank en erkenning aan Sanlam
en die Sanlamprys vir Afrikaanse teater
wat My plaas se naam is Vergenoeg
'n werklikheid op die verhoog gemaak het.*

*Die grafbrief in die slottoneel
kom gedeeltelik ooreen met 'n roerende huldeblyk
van Jaypee Malherbe aan sy moeder, Grieta,
wat in Die Burger van 4 Februarie 2002 verskyn het.*

MY PLAAS SE NAAM IS VERGENOEG
is tipografies versorg deur Praag
en die teks geset in 11.5 op 14.5 pt. Times New Roman.
ABC-drukkers, Kaapstad was verantwoordelik vir die drukwerk.
Hierdie uitgawe is moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van SANLAM

Eerste uitgawe, eerste druk, September 2005

ISBN 1-920059-03-2

Uitgewery Praag
Posbus 3103
Dainfern
2055
inlig@praag.org
www.praag.org

George Weideman

MY PLAAS
SE NAAM IS
VERGENOEG

drama in nege tonele

PRAAG

My plaas se naam is Vergenoeg
is bekroon met die **Sanlamprys vir Afrikaanse Teater** in 2004.
Die eerste opvoering deur die Dramadepartement
van die Universiteit van Stellenbosch het van 15–17 Julie 2004 onder
regie van Johan Esterhuizen plaasgevind.
Die musiek is behartig deur Frieda van den Heever.
Die rolverdeling was soos volg:

ALTYDANDERS – Riaan Visman
JAN VELDSMAN – Rudolph Maree
ANS VELDSMAN – Dominique Schoon
GRIETA VELDSMAN – Almari Cloete
GRACE BOOIS – Jackie van den Heever
PETRUS BOOIS – Ralston Oliphant
KOMMISSARIS – Chris Thompson
YSTERVARK – Merrel Petersen
JAKKALS – Francois Huysamen
AASVOËL – Jacobi de Villiers
IETERMAGÔ – Sonja van Rensburg
SKERPIOEN – Jani Coetzee
BOBBEJAAN – Mari Strydom
MUISHOND – Lurina Muller

Die tegniese versorging is behartig deur:
Albert Snyman: Hoofteatertegnikus
Carine Bothma: Produksiebestuurder
Catherine Channing: Verhoogbestuurder
Chantell Thompson: Beligting
Sonja van Niekerk: Klank
Elrina Marais: Hoof van die garderobe
Lize Poultney: Kostuums
Catherine Channing: Stelontwerp
Furnell de Villiers & Mervyn Williams: Dekorkonstruksie

KARAKTERS

ALTYDANDERS:

Vormverwisselaar (vlugvoetig; bont lappiesklere).

JAN VELDSMAN:

35-jarige boer op Vergenoeg (kakieklere, hoed).

ANS:

Jan se 35-jarige vrou (boervrou, niks uitspattigs nie).

GRACE BOOIS:

Eertydse plaashulp op Vergenoeg, ongeveer 40 (waardig geklee).

PETRUS BOOIS:

Grace se broer (in sy plaasklere, behalwe waar anders aangedui).

GRIETA VELDSMAN:

Jan se 60-jarige moeder, 'n ware mater familias.

KOMMISSARIS:

'n Tipiese kommissaris.

DIERE (duidelik onderskeibaar):

YSTERVARK: koker met penne op rug, kastanjette.

JAKKALS: swart pet, rooi T-hemp.

AASVOËL: kaalkop, met verestola.

IETERMAGÔ: skubbe, bril.

SKERPIOEN: knypers, angel.

BOBBEJAAN: gelapte broek – “bobbejaanbankies”.

MUISHOND: wit-en-swart-gestreepte hemp, manel.

TONEEL

Die speelruimte bestaan uit twee vlakke waartussen die spel wissel: 'n hoër gedeelte, na agtertoe, waarvandaan veral die DIERE kommentaar lewer (die “boverhoog” of BV – met die eerste opvoering is 'n staalkonstruksie wat soos 'n omgevalle windpomp lyk, gebruik), en dan die gewone speelverhoog waarop die hofsitting en die ontvouing van die gebeure plaasvind (OV). Tydwisseling in 'n semi-woestynlandskap word met behulp van beligting op 'n agterdoek gesuggereer. (MV) verwys na middelverhoog en (LV) na links, voor.

TYD

Nou, gister, môre. 'n Dag. 'n Eeu. 'n Leef tyd.

TONEEL I

Die BV is gehul in 'n blou, neweligelig, 'n Jakkalsroep. ALTYDANDERS kom ligvoets en fluitspelend oor die OV en op tot aan die bopunt van die BV. Hy soek rond, asof hy verwag om iets of iemand daar aan te tref. Hy kan 'n eenvoudige (maar skaars herkenbare) verwerking van "Vat jou goed en trek, Ferreira" speel (wat hy later in die teks met variasies opvolg). Sug, gaan sit dan en speel voort, maar traer, droewiger. Dan kap hy sy fluit uit en begin geanimeerd sing en voordra. Wanneer hy amper klaar gesing het, verskyn BOBBJAAN, YSTERVARK, JAKKALS, SKERPIOEN, STINKMUISHOND, AASVOËL en laaste, IETERMAGÔ stilweg en nuuskierig. Sommige kruip uit hul gate, ander klouter teen die BV op.

ALTYDANDERS:

My naam is Altydanders:
soos die Agterveld se berge
verander ek van kleur;
soos die Agterveld se blomme
wissel ook my geur.
Nou is ek aandblom,
netnou aasblom wat die brommers trek;
hou ek my lyf soos kelkiewyn, kelkiewyn,
dan hoor jy straks vir Swartkraai roep.

(Snuif.) Wat ruik so na roet? *(Sing verder.)*

Speel ek ek is likkewaan,
is dit rinkhals wat voor jou regop staan.
Ek kan my soos 'n mens ook hou,
dan loop en preek ek nes Piet Duiker;
maar dié wat dink my kop vat nie,
noem my sommer Jakob Windwaai:
ek waai mos hier en ek waai mos daar
en ek slaan uit waar ek wil,
nes weerlig oor die Agterveld
of 'n dwarrelwind wat draai en draai.

Hiert!

Dié wat my bang,
noem my Drawwer of Vuurstert Bobbejaan,
die afkopman in die donker poort
of die gees wat langs jou bed kom staan.

Moenie!

As 'n vrou se lyf my beter pas,
word ek dwalend met my lang, lang rok:
Gooi sout! Gooi sout! Sit water uit!

Vannag ry ek jou bloots!

Ek is hier, ek is daar, ek is oraloor:
velskoën, botterboom, dubbeldoor;
my gisters en my môres
loop deurmekaar soos sand.

(*Snuif.*) Maar wat rûik so na brand?

(*Hartseer.*) Dis my lewe, dis my lot:
nooit dieselfde, altyd anders,
soms gewiks maar meestal sot.

(*Sien die DIERE.*) O hier is julle, vriende! Hoekom so bedroef?

BOBBEJAAN:

Daar was 'n brand ...

JAKKALS:

Dour op die agterpunt van die plaas.

AASVOËL:

Waar hy oorgaan in die park in.

YSTERVARK (*hyg*):

Ek het dit amper nie gemaak nie!

SKERPIOEN:

Antie leter en ek was gelukkig tussen die klippe.

IETERMAGÔ:

Maar dit was verskriklik. Jy kon die vlamme voel.

MUISHOND (*hou sy stert uit*):

Ruik! My stert se punt het geskroei.

ALTYDANDERS *ruik vieserig.*

ALTYDANDERS:

Jou stert ruik op sy beste nie lekker nie.

JAKKALS:

Dis nie 'n grap nie! Die helfte van die plaas het afgebrand.

ALTYDANDERS:

Waar's Skilpad? En Steenbok?

JAKKALS:

Skilpad was te stadig.

AASVOËL:

Steenbok is vasgekeer.

ALTYDANDERS:

Wat was dit? Weerlig?

BOBBEJAAN:

Mensekind.

AASVOËL:

Vurkbene.

YSTERVARK:

Hulle sê dis daai muilkind se werk.

ALTYDANDERS:

Wat se muilkind?

IETERMAGÔ:

Jy weet mos, die een wat in die sandrivier gemaak is.

ALTYDANDERS:

Grace se kind?

JAKKALS:

Niemand kan dit bewys nie.

YSTERVARK (*snork*):

Moet hy wees. Ek sal nie vergeet van die strik wat hy kleintyd vir my gestel het nie. Ek het amper aan die spit gebraai.

JAKKALS:

Dit maak hom nog nie brandstigter nie.

BOBBEJAAN:

Nietemin! Die blinkkuite was hier.

ALTYDANDERS:

Die polisie?

SKERPIOEN:

Hulle het elke klip omgekeer.

MUISHOND:

Niks gekry nie.

IETERMAGÔ:

Dinge sal nooit weer dieselfde wees nie.

BOBBEJAAN:

Die ergste het ons jou nog nie vertel nie.

ALTYDANDERS:

Maar julle het. Van Skilpad en Steenbokkie ...

BOBBEJAAN:

Net so erg. Die muilkind se pa het doodgebrand.

ALTYDANDERS:

Wat? Ouboet Veldsman?

JAKKALS:

Dis waar wat oom Joggem sê. Dis hoekom die blinkkuite hier was. Hulle't seker kwaadwilligheid vermoed. Maar hulle kon niks kry nie.

ALTYDANDERS:

En die muilkind en sy ma?

YSTERVARK:

Van die plaas af gejaag. Nou kan ek weer in vrede patats grou.

IETERMAGÔ:

Yster, jy's nie veronderstel om patats te grou nie. Jy moet veldkos vreet.

YSTERVARK:

Wat weet 'n ietermagô van veldkos? Miermoordenaar!

'n Amperse gestoei volg. Skubbe en penne klap.

ALTYDANDERS:

Toe nou, julle! En wat sê die muilkind se ma?

YSTERVARK:

Sy't glo gesê sy kom terug. Ek weet nie of dit waar is nie, maar ek het dit by Groukat gehoor. Groukat kuier mos partykeers by die werfkatte.

JAKKALS:

Dit is so. Haar voormense lê hier.

AASVOËL:

Ek weet presies waar die grafte is.

BOBBEJAAN:

Aasvoël weet altyd presies waar die dooies lê.

AASVOËL pik na BOBBEJAAN se kant toe, dreig met sy vlerke.

ALTYDANDERS:

Kry end! Julle gedra julle nes die vurkbene!

Lig verdof op BV.

TONEEL II

'n Sitting van die Kommissie gaan op die OV plaasvind. Kollig op 'n hoë rostrum MV waar die KOMMISSARIS (toga, pruik) sit. Hy maak sy naels met 'n knipmes skoon, drink af en toe water uit 'n glas, speel met die houthamerijtjie en lyk oor die algemeen verveeld. ALTYDANDERS bring 'n rostrum op die BV in posisie totdat hy uiteindelik presies soos die KOMMISSARIS sit, maar met sy voete bengelend van die BV af. (Nar en keiser) Hy kan die KOMMISSARIS se bewegings subtiel naboots. Op die BV, links en regs van ALTYDANDERS, sit en lê die sewe DIERE: BOBBEJAAN sit en knip luise, AASVOËL kam sy vere met sy snawel, ensovoort.

ALTYDANDERS:

Sewe jaar ná die brand. Hierdie storie vat ons oor ver paaie, tot diep in die Agterveld, tot by Vergenoeg. Dis 'n grensplaas, en dit lê teen 'n oorgrenspark. Daar loop 'n groot rivier oor die plaas. Soms is hy leeu, soms is hy lam. So is ook die Agterveld se mense. Leeu en lam lê selde bymekaar. In hierdie storie kruis ons paaie met dié van 'n kommissaris, 'n man wat reg moet laat geskied. Hier's hy nou: hy's die regter, hy's die juts, hy's jou ônner, hy's jou bo, hy's een en hy's twee, hy's baie, hy's aangestel om Grace se saak te hanteer.

Kollig op KOMMISSARIS wat met 'n klein skaaltjie sit en speel. Kollig op GRACE in getuiebank. Sy het 'n hoedjie op.

GRACE:

Dis hoe ons mense dit doen, Meneer. Jy gaan lê waar jou voorvaders lê. Ek smee u ...

ALTYDANDERS:

Ja-nee, sy wou haar kind terugvat na die sandrivier met die potkleiwal waar hy gemaak is. Die sandloop met die geheim. Sy wou hom terugvat na die stuk aarde waarop sy goeie oompie Petrus nou nog loop.

Kollig op PETRUS in sy spierwit hemp. Hy staar gefikseerd na sy suster in die getuiebank.

Hy wat elke vuurklip en elke haakdoringbos op Vergenoeg ken. Einste Petrus wat vir Jan Veldsman gewys het waar ou Yster die wilderaap grou, wat vir Jan laat proe het hoe bokboontjies smaak in mieliepap, wat vir hom geleer uintjies – !hans – braai het oor die kole, wat hom geleer het wát jy skiet en wanneer; wat hom die boek van die veld leer lees het. (Wag.) Ja, Jan was sy maat en sy maat het sy baas geword.

Kollig op JAN, effens vooroor met sy hande weerskante van sy slape, kakieklere.

Die plaas is al ses geslagte in die familie. 'n Harde werker, jeeei, loop voel sy hande. Hy kan jou in die grond in werk, of dit nou draadspan is of beeste merk, bokwerk of windpomp regmaak, hy't nie horlosie nie. (Sameswerend.) Maar hy't kleintyd 'n ongeluk gehad, bo van die windpomp af op die snykant van die sinkdam. Dokters het gelap en gelas, maar ... Het sy vrou geweet? (Wag. Sug.) Het hy geweet? Ai, ek en Jan is op 'n manier voëls van enersere vere. (Wag.) En hier's sy nou. Ans Veldsman. Vyftien jaar getroud. Hulle het nie kinders nie.

Kollig op ANS, haar voorkoms nogal verwaarloos, senuagtig aan die voetel met haar hare, snesies, halskettinkie, en haar rok. Sy het 'n verbete,

wilde trek wanneer sy praat.

ANS (verbitterd):

As ek geweet het wat ek nou weet, het ek nooit met hom getrou nie. Het ek nooit na hierdie godverlate plek gekom nie. Wie is my kinders? My kinders is die hoenders op die werf; my kinders is die bokkies in die kraal, ek ken elkeen se lap, elkeen se nuk; my kinders is die voëls van die hemel, hulle wat op die werf kom sit en afvalkossies pik. (Wag.) Die mense kyk jou uit, vreet jou op met die oë, kyk of mol stoot, of magie wys, of borste swel. Elke Sondag in die kerk kyk hulle na jou loop, na jou sit, na jou opstaan. Ergste was natuurlik Jan se ma. Het sy dan nie geweet nie? Of het sy gemaak of sy nie weet nie? Het sy gehoop? Teen alle hoop in?

ALTYDANDERS:

Dis nou die lewende mense. (Swaai om asof iets hom byval.) Amper vergeet ek. Daar's nog Jan en Ouboet se middelste broer ook. Kobus. Bloemis in die stad. Skryf aaneen briewe vir sy ma, maar kom nooit huis toe nie. Maar hy speel net 'n klein rolletjie. Of lievers: ék speel sy rolletjie. (Staan op.) En dan is daar die dooies.

Kollig op 'n kis waarop 'n vrag blomme rus.

Grieta Veldsman. O, die oulydie was 'n moerskont. Sy't die sweep geklap op die werf, dis nou een ding wat nie twee is nie. Daar was in hierdie hele omtes – nee, ek sal sê in hierdie hele land – seker nie 'n vrou wat só verfoei is nie. (Wag.) Moet jou nie laat verblind deur die blomme op die kis nie. Jy sal nog die storie daarvan hóór. (Wag. Gebaar van moedeloosheid.) Nee, my tattie, sy's geháát. Grieta Veldsman het nie haar plek geken nie. Kleintyd al was sy soos Debóra: sy't die seuns agter haar laat inval. Niemand kon met die mouser skiet soos sy nie. Niemand kon vleis bewerk soos sy nie. Met 'n hamer moker soos sy nie. Perdry soos sy nie. Die manne het haar gevrees, die vroue was kraalbosgeel van nyd. Al het hulle dit weggesteek agter hoon en smaad, Mens kan baie

dinge agter haat wegsteek. (Sug. Dan haastig.) En partykeer was sy soos die Here self. Is dit nie sy wat vir Whitey Boois die sop en die Bybel tronk toe gebring het nog die aand voor haar dood nie? Whitey, die muilkind. Bloed van haar bloed. (Wag.) O, sy is met baie geheime graf toe.

Kollig op KOMMISSARIS en GRACE.

KOMMISSARIS:

Maar mevrou Boois, u sê self die mense van Vergenoeg het u nog altyd goed behandel. Hulle weiering dat u u seun, Whitey, daar begrawe, spruit dus nie uit haat of kwade bedoelings nie.

GRACE:

Dis waar, U Edelagbare, maar ...

KOMMISSARIS:

En u het self gesê dat u begryp waarom u destyds (*hy vroetel tussen sy papiere*) – in 1993 dan nie? – die plaas Vergenoeg moes verlaat; dat u sedert 1993 fisies nie meer daar gewoon of selfs daar gekom het nie ...?

GRACE:

Maar Meneer ...

KOMMISSARIS:

Volgens polisierekords was daar 'n brand.

GRACE:

Dit was nie my kind nie!

KOMMISSARIS:

Maar hy wás al in die moeilikheid. (*Blaai deur sy papiere.*) Inbraak. Diefstal.

GRACE:

Hy was onwettig. Soos 'n kind sonder 'n pa onwettig kan wees. Maar dis nie hy wat die veld laat brand het nie!

KOMMISSARIS:

En u het ook aan die hof gesê dat die boer – meneer Veldsman – u en u gesin van slaggoed en klere en geld voorsien het en nóg voorsien ...

GRACE:

Maar meneer Kommissaris ...

KOMMISSARIS:

U het ook getuig hoedat mevrou (*vroetel weer met papiere*) ... e ... Grieta Veldsman, die bejaarde moeder van meneer Jan Veldsman, nog kort voor haar ontydige dood die moeite gedoen het om u seun in sy sel te besoek, waar sy 'n Bybel en 'n termosfles met sop en 'n trommeltjie brood aan hom gegee het ...

GRACE:

Maar my geloof, U Edele, maak dit dan nie saak nie?

KOMMISSARIS:

Die hof sal daarop let dat die huidige eienaar van Vergenoeg ook die wettige eienaar is. Kaart en transport is in meneer Veldsman se besit ...

GRACE:

Dit het die Boesmans ook gehad. Meneer. Nou nie die transport nie. Maar die kaart.

KOMMISSARIS (onseker):

Sal u dit asseblief aan die hof verduidelik?

GRACE:

Die Boesmans het te voet getrek, Meneer. Maar op plekke het hulle

klippe uitgepak – grafted, anderlike heilige plekke ... Boesman-kaarte, het my voormense dit genoem: klipperse in patrone gepak ... *Terugflits. GRACE is in gesprek met JAN. Hy sit en werskaf aan iets soos 'n draadvanghokkie.*

GRACE:

My kind is siek. Hy sal nie lewendig uit die tronk kom nie.

JAN (ongemaklik):

Vir wat kom sê jy dit vir my?

GRACE:

Ai, Jan, jy weet mos.

JAN:

Dis sewe jaar. Dis oud en verby, dis begrawe. Soos nooi Grieta begrawe is.

GRACE:

Op háár graf is daar nog elke dag blomme.

JAN:

Jy weet dis hoe sy dit wou hê. (*Die bitter slaan deur.*) Ek wil nie raai hoeveel geld se blomme al daar neergesit is nie.

GRACE:

En Ouboet?

JAN vererg hom, ignoreer haar vraag en hou hom besig met die vanghok.

GRACE:

Jy noem nie sy naam nie. Ek weet nie eens waar hy begrawe lê nie.

JAN (geraak):

Ek het jou gesê dis oud en verby.

GRACE:

My kind is soos 'n plant wat nie water kry nie. Die groot siekte vreet hom op van binne af. Hy sal dit nie meer lank maak nie.

JAN:

Ek vra weer: Wat het dit met my te doen?

GRACE:

Moenie so hard wees nie. Jy weet sy voormense lê hierso.

JAN:

My voorouers ook.

Kollig op BV. Die DIERE is geskaar om YSTERVARK, wat die storie probeer vertel soos hy dit gehoor het.

YSTERVARK:

Grace kom toe daar aan met haar storie. Van die klong wat lê en doodgaan en wat moet terugkom plaas toe. Onder die grondkaros moet kom lê.

AASVOËL:

Ai, dis jammer.

YSTERVARK:

Wat bedoel jy, jammer?

AASVOËL:

Nee, ek dink nou maar net. Bo-op die grond sou soveel beter gewees het ...

IETERMAGÔ:

Skaam jou, Aasvoël. Hoe't Yster gesê – waffer plaas?

YSTERVARK:

Hy moet terugkom hier na boer Jan se plaas toe.

IETERMAGÔ (*effe hardhorend*):

Waffer Jan? Van waffer boer Jan praat jy, Yster?

YSTERVARK:

Jan Veldsman.

MUISHOND:

Ken hom g'n.

AASVOËL:

Jy gaan steel darem eiers onder sy hennie uit.

MUISHOND:

Issie. Ek het nie sy eiers gesteel nie.

AASVOËL:

Hoe luister jy, Stinkie? Ek praat van Jan Vergenoeg se hoenders, nie van hóm nie. Hy't van 'n windpomp afgemoer.

BOBBEJAAN:

Hie-hie. Hy't ver genoeg geval, dis seker hoe die plaas naam gekry het.

SKERPIOEN:

Hn'n. Daai is somer 'n storie. Dis Drawwer wat hom beetgehad het.

JAKKALS:

Drawwer?

SKERPIOEN:

Nét hy – julle weet mos hoe vréelik hy oor die vlaktes kan hol. Hy't 'n muil van 'n smoel en baie skerp tande. Hulle sê mos as hy 'n mán gewaar wydsbeen staan in 'n maanlignag, hol hy hom van agter af in, hol hy tussen sy bene deur, en dan byt hy so in die verbygaan alles af. Tknaps.

BOBBEJAAN (*gril*):

Het hy al iemand bygekom?

SKERPIOEN:

Ek weet nie, oom Joggem, maar Boer Veldsman het nie kjenners nie.

BOBBEJAAN:

So dis Drawwer se werk?

SKERPIOEN:

Mens weet nooit nie, Oompie. Keer vir jou pere.

MUISHOND:

Was dit die plaas se eerste naam, antie Ieter – Vergenoeg?

IETERMAGÔ:

Ek kan nie onthou nie.

JAKKALS:

O nee, hy't al baie name gehad. Die verste terug was hy /Gôan-//goes. Maar antie Ieter behoort mos te weet.

IETERMAGÔ (*herkou aan die naam*):

/Gôan-//goes.

MUISHOND (*herkou eweneens aan die naam*):

/Gôan-//goes.

AASVOËL:

Ek onthou! My ta het my nog vertel. My oupa het daar rondgehang. Oorstaanplek vir 'n klompie Namatrekboere. (*Opgewonde*.) Hulle het daar met hul bokkietjies gestaan: sulke vet, uitgevrete lammers wat 'n man laat watertand ... Sagte nekkies, sagte liesies ... En toe, op 'n dag, los die Namas hul kinders alleen by die staning ... Toe, antie Ieter, jy's die oudste, jy móét onthou ...

terugflits. Kollig op OV. JAN beweeg na waar ANS LV sit, haar bene waggelend. Sy lyk jonger as andersins: vrolike strooihoed agter haar kop gebind, rooi blomrok. Ook sy voorkoms is jonger. Hy dra 'n rooi klip 'n stuk jaspis – na haar toe. Die DIERE, saam met ALTYDANDERS, vorm 'n groepie voyeuristiese toeskouers op die BV, dig bymekaar. ALTYDANDERS speel 'n vrolike variasie van "Vat jou goed en trek, Ferreira". YSTERVARK vul aan met sy kastanjette.

JAN (*hou die rooi klip na haar toe uit*):

Kyk, ek het vir jou iets uit die veld gebring.

ANS:

Dis omtrént rooi; dit lyk soos 'n versteende klont bloed.

JAN:

Hulle noem dit bloedsteen. (*Opgewonde*.) Daar's 'n hele berg. My oupa het dit ontdek.

BOBBEJAAN (*skreeu, sonder dat hulle hom hoor*):

Die gate sit nou nog daar.

YSTERVARK (*skreeu snorkend*):

En die masjiene – bruin van die roes!

ANS:

Dis mooi. (*Hou die klip oor haar ringvinger*.) Kan mens dit slyp?

JAN:

Ek sal vir jou 'n ring laat sny!

ANS (*hou dit steeds, maar verder weg, asof sy nadink*):

Ek weet nie, Jan. Sê nou dis 'n onheilsklip? Jou ma sê ...

JAN (*druk sy vinger op haar lippe*):

Jy luister te veel na my ma se stories. Sy sal swartryp in die somer voorspel. (*Weerlig speel op agtergrond*.) Van die weer gepraat.

Vanaand gaan dit reën.

ANS:

Jy sê dit al vandat jy my hier aangebring het.

Die weer dreun dofweg.

JAN:

Hoor daar! Hoor jy hoe praat die weer?

ANS (tergerig):

Ek hoor niks. Dis seker Ouboet se bakkie.

JAN:

Nee wat! Daar speel sy draadloos dan.

In die paar sekondes wat sy luister, word musiek – iets soos die “Duitsweswals” – gehoor. ALTYDANDERS improviseer op sy fluit.

ANS (sug):

Elke middag steek die weer op; elke aand trek die wolke verby.

JAN:

Kyk boontoe. Sien jy sterre?

IETERMAGÔ laat sy skubbe (die kastanjette) teen mekaar klap. Dit stel die grondgeitjie voor.

ANS:

Nee ...

JAN:

Dis toegetrek. Kyk wat ek vir jou sê. Ek het die grondgeitjie ook gehoor skree. *(Die DIERE pormekaar met die elmboog. IETERMAGÔ laat sy skubbe weer “tekke-tekke” klap.)* Hoor jy daar! /On-/on! Grondgeitjie.

ANS (gril, hou haar rokke bymekaar):

Grondgeitjie!

JAN (lag uitbundig; ook die DIERE lê soos hulle lag):

Toe maar, stadsjapie! Jy's veilig; hy's daar ver.

ANS (meer-ontspanne. Sy skud haar rok los):

Dis warm. *(Voel skielik iets nat op haar skouer.)* Jan! Hier't nou net 'n druppel op my skouer ...

JAN:

Wat het ek jou gesê! *(Spring op, trek haar op.)* Onthou: jy't belowe!

ANS:

Beloftes maak skuld ...

JAN:

Nou toe! Jy't gesê: as die eerste druppel val, sal jy met my dans.

ANS (voel aan haar hare, haar skouer):

Daar val nóg een. En nóg een ... Maar jy weet ek kan nie dans nie.

JAN:

Dan sal ek jou leer.

Die musiek – die Duitsweswal – word harder. JAN en ANS wals weg. 'n Donderslag laat die DIERE wip soos hulle skrik.

BOBBEJAAN:

Arra! Dit was naby. Ek dag ek skrik my wind weg.

ALTYDANDERS:

Hier's 'n raaisel: Wat is rooi en baie vinnig?

BOBBEJAAN:

Jy vra nog! Die weerlig!

ALTYDANDERS:

Ek het gesê róói!

AASVOËL:

Ek weet! Ek weet! Darie mynbaas wat na die bloedsteenbergr kom
kyk het. In sy rooi sportmotor.

ALTYDANDERS:

H'n-n.

SKERPIOEN:

Ek weet! 'n Rooi róman wat onder die meisiekind se rok inhol.
Hie-hie!

ALTYDANDERS:

Verkeerd! Maar jy raak warm.

YSTERVARK:

Is dit dalk die mikvytjie self? Wat vinnig hol...?

ALTYDANDERS:

Nee.

MUISHOND:

'n Bloedrooi rok en 'n bloedrooi bek, nes suikerkan – dalk sóén
sy soos blits!

ALTYDANDERS:

Jy's op die spoor, ou Stinkie. (*Hartseer.*) Maar ek's bevrees: julle's
almal verkeerd. (*Sug.*) Ek dink aan rooi wat vinnig wegraak in die
sand ...

ETERMAGÔ:

Soos ribbok se bloed ...

DIERE (*sing melankolies*):

Duitswes is so lekker, Duitswes is so soet, Duitswes is so rooi
van die Jerman se bloed ...

TONFEL III

*Douvoordag by PETRUS se veepos. Tergend stadig begin verskyn
ALTYDANDERS, statig, soos diemomentopname van 'n blom wat oopgaan. In
al sy kleurvolheid lyk hy aanvanklik ook soos 'n blom; kop en ledemate
nie dadelik sigbaar nie. Geleidelik verander hy van blom na menslike
wese.*

ALTYDANDERS (*gaap; speur deeglik om hom heen*):

Nie 'n wolkie nie. Dis nou van die Agterveld. Piere opgeefsels
en dwaalligte en verbeeldingsgoed. En droë donderweer. (*Boo-
toe.*) Behalwe ... Behalwe as dit nou Gaunab se streke is.
Wat vir Tsoei-goab na-speel. Was hoeka donkermaan. Nooit
anders nie. Ek skrik my gat af en daar val drie druppels.
(*Mompel.*) Hierlangs is aandweer en oggendweer soos ouvrou
se fyndraai: kort en jy weet amper van niks. Nee, hier moet
die wolke soggens witkoppe maak en vlies trek, vroemiddag
begin uier maak. Uitsak. Met mening. (*Lek aan vingers; hou
wys- en middelvinger in lug.*) Maar sy's op pad, die jong ding,
sy kom sleep nog eietyd vanmiddag hier verby. //Na ... Ek kan
haar ruik, ek kan haar próé. (*Loer rond by PETRUS se skuiling.*)
Petrus Boois! (*Geen reaksie.*) Ek sê: Petrus Boois! (*Geen
reaksie.*) Die ou is seker al weg om die draad te loop regmaak.
Waar leeu deurgekom het. (*Kyk in die swartpot, haal gekookte
n'abba daaruit en bekyk en beruik dit.*) Oompie Petrus sal seker
nie omgee as ek van sy n'abba proe nie. (*Sit dit in sy mond.*) Hmm!
Vet van die aarde, my ma-se-kjint. Waar het die ou dié gekry?
Moet van die eerste n'abbas wees. Hêêi, hier leer jy om op te kyk
vir wolke, en af te kyk vir n'ham en n'abba en bokboontjie. N'ham

kan jy nie mis nie – hulle sê ook vir hom tsammá, pampoen se agterkleinneef. Maar om vir n'abba te kry, sit nie in jou skoene nie. Jy sal bo-oor hom loop, hy bly mos onder die sand. Fynkyk se ding. Daar waar fyntwa teen duin se voet staan, sien jy kraaipootjies in die sand, klein-klein barsies. Daar moet jy grou. As bakoortjie nou nie voor jou daar was nie. (*Donderweer kraak. ALTYDANDERS skrik en koes. Kyk verwykend boontoe.*) Ai, moet my dan tog nie so laat skrik nie! Bleddie droë donderweer. (*Sien konfytblikbeker koffie.*) Nogal bedagsaam van die ou om vir my koffie te los. (*Gaan sitlê gemaklik, drink en smak lippe.*) Soos ek gesê het: Dis die Agterveld. Met háár weet jy nooit. Ken ek haar dan nie? Sy's my mama. (*Tuur.*) Kyk, dour kom Petrus. Grace se broer. Wat op die plaas agtergebly het. (*Roep.*) *Mi re, oompie Petrus!*

PETRUS geleidelik LA teen skuinste op, gaan draad na, verstel hier en daar iets. Hy het 'n tang en 'n rol sagte draad by hom. Kyk na ALTYDANDERS.

PETRUS:

Mi re, ou Maljakob. Jy sleep nog.

ALTYDANDERS:

Ek sleep nog, my oompie. (*Slurp aan koffie.*) Hoe sny my oompie die rieme?

PETRUS:

Dun, my tata, dun. Kyk hierso, die sterre het nog nie eens uitgebrand nie en waar staan ek? Saans loop slaap die son lank voor my.

ALTYDANDERS:

Dankie vir die bittertjie.

PETRUS:

Skink maar. Plesiertjies is min. Hoe 'n man nousedae teen die

bult moet uit, weet ek nie.

ALTYDANDERS skink koffie.

ALTYDANDERS:

Dié's nou seker. Die pad is swaar en hy's klipperig. (*Gee die koffie vir PETRUS.*)

PETRUS:

Kjinnars moet skool toe, hulle's flentergat, wil ook lyk soos dorps-kjinnars.

ALTYDANDERS:

'n Man kan darem seker af en toe 'n plesiertjie gooi, kan 'n man dan nie?

PETRUS:

Ek's mos nie 'n kêrel wat aan drank vat nie. Die boer maak hoeka diknek oor drank. En jy weet mos hoe het Ouboet aangegaan.

ALTYDANDERS:

Ek verneem die hotel het afgebrand.

PETRUS:

Ou hout vat maklik vlam. Jy't nie 'n petrolblik nodig nie.

ALTYDANDERS:

Ek verstaan die *barman* wou nie die *bar* oophou ná sluitingstyd nie. Toe raak die manne moeilik.

PETRUS:

Weet jy hoe maklik laat swaarkry party's versleg? Daar is mense met rede. Party is met die duwwelesweep verjaag.

ALTYDANDERS:

Maar my oompie hou darem nog uit.

PETRUS:

Jan Veldsman is 'n goeie man.

ALTYDANDERS:

Is dit dan nie Grace se klong wat die petrolblik deur die *bar* se venster gegooi het nie?

PETRUS (*nadenkend*):

Whitey was in die trop. Die jonges is soos asbos, vat maklik vlam, brand heeltemal uit.

ALTYDANDERS:

En nou's hy agter die draad.

PETRUS:

Hy's nou só. (*Beduie met polse oor mekaar.*) Maar dis meer. Hy's glo siek ook.

ALTYDANDERS:

Siek?

PETRUS:

Hierdie opvreetsiekte. Jy weet mos party se verstand sit tussen hulle se bene.

ALTYDANDERS:

En nou?

PETRUS:

Nou het Grace dit in haar kop gekry om hom hier te wil begrawe.

ALTYDANDERS:

Wat? Hier op Vergenoeg?

PETRUS:

Hier op Vergenoeg.

Kollig op OV, waar JAN besig is met sy vanghok. GRACE verskyn. Vir 'n ruk lank vind daar 'n wisselspel tussen OV en BV plaas. Ook die DIERE maak een vir een hul verskyning en neem subtiel luisterend posisie op rand van BV in.

GRACE:

Ek kom soebat weer, Jan.

JAN:

Jy weet ek kan jou nie help nie.

GRACE:

Jy wil my nie help nie.

JAN:

Dis nie dit nie, Grace. Dinge het verander.

GRACE:

Ouboet wou vir my hê, maar nie my kind nie. Jy wil nie een van ons hê nie.

Stilte. JAN knip en buig draad.

GRACE:

Wat sit maak jy, Jan?

JAN:

Ons het baie las van katte.

GRACE:

Groukatte?

JAN:

Vaalboskatte, groukatte, noem hulle wat jy wil.

GRACE:

Wat is die probleem?

JAN:

Hulle meng met die huiskatte. Dié raak al wilder en hulle raak al makker.

GRACE:

Hier was altyd baie werfkatte.

JAN:

Jy weet dis Mevrou se kinders.

GRACE:

Is dit die éintlike rede? Vang die groukatte ook onder die hoenders?

JAN:

Ja, Grace. Hulle kom vang ook onder die hoenders. Vreet Mevrou se kuikens op.

GRACE:

Wat máák Mevrou met al die veergoed? Die hele werf loop vol.

ANS se stem word op die agtergrond gehoor. Sy praat met haar hoenders asof hulle haar kinders is; noem hulle name, gooi vir hulle pitte, ensovoort.

PETRUS:

Bolandse boom aard nie maklik hierso nie.

ALTYDANDERS:

Ja-nee. Die water is te brak.

PETRUS:

En as daar maar net kleingoed was ...

ANS se stem word gehoor waar sy die DIERE roep en kosgee.

GRACE:

Hulle moet omtrént mielies vreet.

JAN (sug):

Dis haar kinders.

ANS loop en strooi mielies uit haar voorskoot terwyl sy die hoenderkuikens roep. GRACE sit en wag op haar hurke.

ANS:

Kiep-kiep-kiep! Skewekam! Rondebél! Spikkelveer! Nie so happig nie. (*Gespanne toe sy GRACE gewaar.*) Wat kom maak jy hier? Jan, sy mag mos nie hier wees nie.

GRACE:

Middag, Nooi. Ek het net kom hoor of dit reg is as ek my kind hier kan kom begrawe. Hy is baie siek. Hy sal nie daar opstaan nie.

ANS:

Hier? En vir wat kan jy hom nie in die dorp begrawe nie?

GRACE:

Hierso is ons voormense se grond. Dis blóédgrond.

ANS:

Jy praat of jy kaart en transport het!

JAN (paaierend):

Ans ...

ANS:

Volstrek nie!

GRACE:

Die aarde behoort aan die Here, my Nooi.

ANS:

Moenie jy vir my kom staan preek nie. Vergenoeg se kaart en transport is in die Veldsman-naam van toeka af tot nou.

GRACE:

Toeka se tyd het die Boesmans ook grond gehad, Nooi. Op plekke het hulle klippe uitgepak – grafte, ander heilige plekke.

ANS:

Loop vertel dit vir die voëls. Jan, dis duidelik weer Maljakob se werk. Blessitse opstoker.

GRACE:

Nee, die storie kom van ver af. Boesmankaarte, so het my mama se mama dit genoem: klipperse wat vir jou wys waar water is, waffer kant toe 'n plek lê ...

JAN:

Dit maak hulle nie grondbesitters nie.

GRACE:

En dan is daar die toemaakklippe, die plekke waar jou vyande lê. As jy verbyloop, moet jy klip bysit, lat hy nog dieper kan insak!

ALTYDANDERS (*wip tot op die BV; stuit by die graf met blomme; praat-sing*): O, grond! O bloed! Wat joune is, is klein. Dit kry 'n kopklip en 'n toemaakklip – en die res sal verdwyn!

DIERE:

O, grond! O bloed! Wat joune is, is klein. Dit kry 'n kopklip en 'n toemaakklip – die res sal verdwyn!

JAN:

Weet jy hoeveel geld het daardie kind my gekos?

GRACE:

Maar daar lê reeds grafte. My ma se ma en nog verder t'rug; hulle se grafte lê daar.

ANS:

Man, moenie nog met haar staan redeneer nie. Dié stories het ek al baie gehoor. Hulle behoort Maljakob op te sluit.

GRACE:

Asseblief, Nooi. Ek moet my kind hier kom wegsit.

ANS:

Móét? Jan, kry haar hier weg.

GRACE:

Weg is nie vir my 'n vreemde woord nie. Dis wat my mense nog altyd moes doen, ook van hier af, oor en oor, nog voor ek weer hier uitgeslaan het. Hulle se goedjies vat en die vaalstreep slaan. Upington toe, Kakamas toe, Aroab toe, Windhoek toe vir al wat jy weet, ek sallie weet nie. (*Wag. Op die agergrond: "Vat jou goed en trek, Ferreira".*) Dan gaan ek maar hof toe.

JAN:

Dan gaan jy maar.

ANS:

Dan gaan jy in jou moer in hof toe. (*GRACE af.*)

JAN:

Ek ken jou nie só nie, Ans.

ANS:

Nee, jy ken my nie so nie. Maar jy het my so gemaak.

JAN:

Jy was nog altyd vir my sag soos 'n blom. Nou's jy besig om hard

te word. (*Hy probeer sy arm om haar sit.*) Tog, selfs die taaiste bos en die hardste klip kan nog mooi wees ...

ANS (*druk hom weg; bitter*):

Dis 'n land van klippe, Jan, ek gee nie om of hulle vir jou mooi is nie.

GRACE (*loop en neuriesing*):

Vat jou goed en trek, Ferreira, vat jou goed en trek.
Swaar dra, al aan die een kant,
swaar dra, al aan die een kant,
vat jou goed en trek!
Diékant toe en daaikant toe,
alkant toe en waaikant toe.
Die wêreld is wyd en die wêreld is groot,
die wêreld is te klein vir andermansnood.

DIERE (*in 'n koor*):

Diékant toe en daaikant toe, alkant toe en waaikant toe.
Die wêreld is wyd en die wêreld is groot,
die wêreld is te klein vir andermansnood.

TONEEL IV

In hof, met JAN, ANS en GRACE afwisselend in die "getuiebank", terwyl ALTYDANDERS feitlik soos 'n advokaat – maar sonder dat hulle noodwendig op hom "reageer" – tussen hulle beweeg.

JAN:

U Edele, hoe kan ek toelaat dat die mense hul kind – die seun van gewone plaaswerkers – daar begrawe?

ALTYDANDERS:

Plaaswerkers? Ek het nie geweet jou broer was 'n plaaswerker nie!

JAN:

Dit sal mos erkenning gee aan iets wat onwaar en onbewysbaar is.

KOMMISSARIS:

Hoe bedoel u: "erkenning gee"?

ALTYDANDERS:

As dit moet uitkom dat dit Ouboet se kind is, jou ônner.

JAN:

Dit sal as simbolies gesien word. Dat die grond eintlik hulle s'n is. Hulle praat maklik van "bloedgrond" ...

ANS:

Gee jou pinkie en hulle stroop jou kaal.

KOMMISSARIS:

En wát is "onbewysbaar"?

JAN:

Watter bewyse het hulle, behalwe dat daar grafte van onbekendes lê?

KOMMISSARIS:

Hulle sal aanvoer dat dit hul voorgeslagte is; die manier van begrawe ...

JAN:

My voorouers het die wêreld hierlangs kom makmaak ...

ALTYDANDERS (*spring voor hom in*):

Makmaak? Hoe lyk mak en hoe lyk wild? Hiert, ek sê! Makvy smaak lekker, wildevy nog lekkerder! Amos-se-kjend, Amos het mos lekker aan die wildevye gesmul. En Ouboet? Ouboet het

wildevy geëet, my broer, daar in die sandrivier het hy wildevy geëet dat die sop spat. Wat het die Here vir Hoséa gesê? Loop vat vir jou 'n jentoes, loop vat vir jou 'n lekkerboud ...

JAN:

Ouboet is dood.

ALTYDANDERS:

Sy hoerkjend is nie dood nie. En hoekom noem hulle hom "Whitey"?

GRACE:

My kind lê op sterwe.

ANS:

Jy moenie jou ore uitleen nie, Jan. Hoe't jou ma altyd gesê: Jy luister te maklik vir ander ...

GRACE:

My kind lê op sterwe. Ek wil hom vooruit stuur.

ANS:

Die aandrang sal al groter word.

GRACE:

Hy moet vooruit. Vergenoeg toe.

JAN:

Ek weet die mense om my het bes gegee. Ek weet Sakkie Ouwerf het sy plaas verkoop. Goed geld gemaak ook; miljoene, is my vertel. Sit nou oor die see en kyk. Dis sy goeie reg. Ek kan nie. Hoe boer jy met die blouwater? Ek weet die Hollenbachs is sak en pak Australië toe, sê glo daar kan geskiedenis hulle nie inhaal nie. Watter geskiedenis? Wie se geskiedenis?

ANS:

En ons? Bly sit ons maar hier, tot die geskiedenis ons inhaal? Tot hy by die hek kom staan met sy kapmes en sy masjiengeweer en sy grondbrief? Tot hy sê: Ek eis ... Tot hy sê: stoot plat die drade, lóóp oor die mielies en die blomme, druk ysterpenne in tot die bokke se pensmis spat, gooi petrol op die dak, brand die opstal af ...

JAN (wil haar troos):

Só erg sal dit nie word nie.

ANS (druk hom weg):

So erg wás dit al. (Sy stap weg, gaan sit by 'n hanslam en dra hom in haar arms terwyl sy uit "Amakeia" neuriesing.)

Stil maar, stil maar, piekanienie,

Oor die bergtop rys die maan.

Niemand sal vir ons hier sien nie:

Môre sal ons huis toe gaan!

Op die BV begin stry die DIERE. Hulle rem en trek aan iets wat lyk soos 'n geelwortel.

YSTERVARK (rittel, snork, raas):

Is myne! Ek het hom eerste gekry.

BOBBEJAAN:

Los! Jou swaarlywige stekelrot!

YSTERVARK:

Ek was hier voor jou! Bobbejaan-tien-toon!

BOBBEJAAN (klap na YSTERVARK en ruk sy hand terug):

Sjoe! Eina! (Hop rond, vryf sy hande, spoeg op hulle.)

YSTERVARK (eet die wortel selfvoldaan):

Jou verdiende loon, ou Mieliefielies!

IETERMAGÔ:

Julle stry oor onbenullighede. Julle word net soos die vurkbene.

JAKKALS:

Ga! En dit oor 'n stuk wortel. Het ook g'n smaak nie.

SKERPIOEN:

Die vurkbene is aléwig aan die kyf.

AASVOËL:

Meeste van die tyd oor grond. Belaglik! Ek sweef en draai met planeet en ster ...

JAKKALS:

Moenie te g'rus wees nie. Jy's nou tussen sterre, netnou waai jou vere tussen droë takke rond.

SKERPIOEN:

Niks is vir hulle heilig nie. Kyk hoe't hulle mekaar al uitgeroei ...
Die Boere die Boesmans, die Xhosas die Boere, die Boesmans die Namas ...

KOMMISSARIS neem sy plek op die OV in. Iemand skreeu: Stilte in die hof! GRACE se plek word deur ALTYDANERS ingeneem. Hy het GRACE se hoedjie op.

KOMMISSARIS:

Mevrou Boois, u dwaal af. Kom by die punt, asseblief.

ALTYDANDERS:

Daar's mense wat oor ons praat, bó-oor ons koppe praat.

KOMMISSARIS:

Bo-oor?

ALTYDANDERS:

Maak of hulle alles oor ons weet. Wat weet hulle van Riemvasmaak? Van Bosluis en van Lekkersing? Van kroongrond en beloftegrond? Daar's mense wat in raadsale praat oor ons. Wat nie onse storie ken nie, Meneer. Skielik wil almal blomme bring vir Saartjie Baartman. Dis mos lekker, dan kan hulle vergeet van al die ander Saartjies. (*Wag.*) Daar was tye toe Boesman en Nama aartsvyande was, net soos wat Duisman en Boesman dit was, en Boer er Oorlams. Daar was tye wat ons niks van mekaar wou weet nie, Meneer. En daar was tye wat ons dinge van mekaar geleer het.

ALTYDANDERS verlaat die getuiebank. Kollig op PETRUS, nou handewringend in die getuiebank.

PETRUS:

So help my God, my Kroon. Is net soos my sustertjie gesê het. Sy was kwaai, sy was bitterlik kwaai, die oumies, mies Grieta, maar die jirreweet sy't ook 'n hart in haar gehad. Daai vrou het op haar tyd dag vir dag deur hel gegaan.

KOMMISSARIS:

Meneer Boois, vertel aan die hof van Ouboet, mevrou Grieta Veldsman se oudste seun.

PETRUS (*stotter, mik om te praat, maar kan homself nie behoorlik uitdruk nie*): Ai. Wat moet ek ...? Hoe sal ek nou ...? Meneer Ouboet ...

KOMMISSARIS (aanmoedigend):

Ouboet was heelwat ouer as meneer Jan Veldsman, nie waar nie?

PETRUS:

Nogals heelparty ouer, ja, meneer. Die twee broers het mekaar enerlik nie geken nie, my Kroon. Ek meen: die een was uit die skool uit toe die ander een loop skoolgaan het. Die een was

soldaat, die ander nie. Met hulle was dit soos met wilde komkommer: bitter en soet aan dieselle ranker.

KOMMISSARIS:

En die derde broer?

PETRUS:

Kobus? Hy't skoon weggerank. Hy kom nooit hier nie.

KOMMISSARIS:

Wat kan u vir ons van Ouboet Veldsman vertel, meneer Boois?
Die oudste broer?

PETRUS (ongemaklik):

Nie veel nie, my Kroon, nie veel nie. Hy't voetbôl gespeel.

KOMMISSARIS:

Goed, hy het rugby gespeel. Vir die dorpspan. En Saterdag ná die rugby?

PETRUS:

Saterdag ná die voetbôl? Nee, Meneer, daarvan weet ek niks.

ALTYDANDERS (wip op die verhoog, konfronteer PETRUS):

Hoe kan jy niks weet nie? Sy's dan jou suster!

PETRUS:

Loop jy, moeilikheidmaker.

ALTYDANDERS:

So jy weet niks van Saterdag af, hoe hy met die duiwel en die drank in sy bloed daar aangekom het, hoe hy haar voorgelê het nie ...?

PETRUS:

Ek weet niks.

ALTYDANDERS:

Jy't gesweer!

'n Stem skreeu: Stilte in die hof!

PETRUS:

Ek sweer ek weet niks!

ALTYDANDERS:

Die sandrivier wat daar tussen die kameeldorings deur loop, wil jy vir my sê jy ken nie daardie sandloop se stories nie? Jy wat so in die lewe fyn kan spoorsny? (*Af, terwyl hy sy fluitdeuntjie speel en neurie-sing: Dis nie myne nie, dis nie joune nie – dis anderman se kind wat ons oor stry...*)

Kollig verskuif na die BV, waar die DIERE (behalwe BOBBEJAAN) ook nou soos vir 'n geregtelike sitting opgestel is. Hulle kyk stilswyend toe Blou, newelige lig. 'n jakkals roep. ALTYDANDERS, in die gedaante van 'n meisie, kom ligvoets en spelend op die fluit oor die OV en op met die spiraal tot by die BV. BOBBEJAAN begin met 'n verleidingsdans, al voor haar uit, maar oënskynlik sonder dat sy hom gewaar. Later is hy agter haar, en wanneer hulle agter die gaasdoek verdwyn, bespring hy haar. Kollig op KOMMISSARIS.

KOMMISSARIS:

So, u grond u aansprake op die geskiedenis.

GRACE:

Op nou die dag, Meneer – en op lank terug. Lank terug het 'n groepie Namas met hul vee by /Gôan-//goes gestaan.

KOMMISSARIS:

En dis waar die graf met die twee-en-dertig kruise staan ...?

GRACE:

Ja, dis bloedklippe, meneer.

Terwyl GRACE praat, sak die gaasdoek op die BV. Die gebeure waarvan vervolgens vertel word, word in stadige aksie agter die gaasdoek voltrek. Op die agtergrond sing die DIERE weer.

DIERE:

O, grond! O bloed! Wat joune is, is klein. Dit kry 'n kopklip en 'n toemaakklip – die res sal verdwyn!

IETERMAGÔ:

/Gôan-//goes? Dit moet nog voor my tyd wees.

JAKKALS:

Eintlik het hy nie naam gehad nie, antie Ieter, daar was net die wye, ope veld. Maar dit was Boesmanwêreld.

AASVOËL:

Dan was Boesman mos eerste daar.

JAKKALS:

Boesman was altyd eerste oral.

BOBBEJAAN:

Boesmans is wrede goed. Soos alle vurkbene.

ALTYDANDERS:

Wat weet jy van Boesmans?

SKERPIOEN (*lag spottend*):

Kan jy nie sien hy trek op een nie? (*BOBBEJAAN mik na hom en SKERPIOEN moet wegspring.*)

JAKKALS:

Vertel nou wat gebeur het.

AASVOËL:

Daar is baie stories oor wat gebeur het.

YSTERVARK:

Een storie wil hê die grootmense is na 'n smous om tabak en negosiegoed te koop ...

AASVOËL:

Nee, dis nie so nie. My oupagrootjie was daar; hy't als dour van die hang af sit en dophou. Dit was 'n Sondag; die grootmense is kerk toe.

MUISHOND:

En die kinders?

AASVOËL:

Die kinders is daar gelos, by hulle se werf.

IETERMAGÔ:

Hulle't sit en klip-klip speel.

YSTERVARK:

Einste! Antie begin onthou. En hasie-ablou, en !arra: gekyk wie se lat die verste val.

BOBBEJAAN:

Toe kom die gifpyldraers.

IETERMAGÔ:

Toe kom bekruip die Boesmans die werf ...

MUISHOND:

Hulle vang al die kinders behalwe een ...

AASVOËL:

Toe sny hulle hulle hier. (*Beduie.*) Van oor tot oor. Nie eens 'n slaghamel sny jy só nie.

JAKKALS:

Hulle het darem 'n karos oor die kinders gegooi ...

BOBBEJAAN:

Toe die pa's en die ma's terugkom, toe kry lê hulle die kinders in hul bloed.

SKERPIOEN:

Nou's daar 'n groot kopklip met 'n klomp los klippe – twee-en-dertig altesame, vir twee-en-dertig kinders. Bloedrooi klippe.

ALTYDANDERS:

Maar hoekom? Die dood moet 'n oorsaak hê.

MUISHOND:

Die dood moet 'n oorsaak hê.

DIERE (behalwe MUISHOND):

Die dood moet 'n oorsaak hê.

BOBBEJAAN:

Miskien het die Namas met 'n heitsie-eibib gepeuter.

IETERMAGÔ:

Of Heitsi-Eibib se klippe weggedra.

AASVOËL:

Jy mag nie wegdra nie, jy moet bysit.

BOBBEJAAN:

Maar dit bly 'n raaisel.

ALTYDANDERS:

Wie sal weet wat die antwoord is?

MUISHOND (sing):

Wie sal weet waar die antwoord lê?

DIERE:

Wie sal weet? Wie sal weet?

(Sing.) Wie sal weet waar die antwoord lê?

Diékant toe of daaikant toe?

TONEEL V

BV is kaal. Agterdoek stel douvoordag – eintlik nog nanag – voor: 'n Fantasetoneel, oorwegend "blou", "mistig", die "duisternis" rondom moet visueel skerp afgebaken wees. Kollig op ALTYDANDERS, op die rand van die BV, in dieselfde posisie as in toneel I. DIERE beweeg skimmig in en uit luike, kom en gaan in die halfdonker. ANS kom van ver af aangestap, haar arms om haar bolyf geslaan; dis koud. Sy het 'n tjalie om.

ALTYDANDERS:

So dwaal sy deur die veld. Ou laai van haar. Vroemôre, vaalvoordag, vat sy die pad. Kan maar koud wees, ryp kan maar kraak, dan begin loop sy. Was op een van my nagtelike rondes toe ek haar die eerste keer gesien het. Dit was nog voor die groot veldbrand. Voor Ouboet se dood. (Skud sy kop lank.) Watter normale mens staan uit haar bed, uit haar man se arms op en begin vat die pad? Het haar lank dopgelê. Dis toe wat ek op 'n môre besluit ek wil agter die ding kom. Ek sal my lyf jakkals hou, kleinvoessie, maak of my magoed dood is.

JAKKALS gaan lê opgekrul in ANS se pad.

ANS (verstar, tree nader, hurk, steek haar hand versigtig uit na JAKKALS; praat half-verdwaas met 'n kinderstem): Isse-ton-nie-van-sy-ma, moenie weghardloop nie, moenie roer nie, bly net hier, jou ma is seker dood.

JAKKALS (*lig sy kop op; kyk met 'n verlore uitdrukking na haar*):
My magoed is dood.

ANS (*so opgewonde soos 'n dogtertjie*):
Ek weet, ek weet, ek weet. Jou magoed is dood, die vrekselse boere
het haar doodgeskiet. Ek sal jou oppas, kom na my toe. (*Bedek
hom met haar tjalie. Stap met bondeltjie weg.*)

ALTYDANDERS:
Sy't my by die huis ingedra of ek 'n babatjie is, 'n vondeling. Sy
wou kamer toe. Maar by Grieta kom jy nie maklik verby nie.

GRIETA (*gevoorskoot*):
Wat het jy daar, Anna?

ANS (*beskermend*):
'n Klein jakkalsie, Ma.

ALTYDANDERS:
Vir Grieta moes ek beslis anders gelyk het: kloutjies, horings,
duiwelstert.

GRIETA (*pluk die tjalie oop, kyk haar skoondogter skerp aan*):
Dis die Satan self wat jy die huis inbring!

ANS (*geskok*):
Ma! Dis 'n ou klein jakkalsie!

GRIETA (*haal voorskoot af*):
Dis tyd dat ek en jy praat.

ANS:
Waaroor, Ma? As dit weer oor kinders is ...

GRIETA:
Gaan sit jou jakkals in die buitekamer. Ek sal dat Grace vir hom 'n

boks met sand indra. En kos.

ANS (*hou die tjalie beskermend teen haar vas, verbaas*):
Ma?

GRIETA:
Jy't my gehoor. Sit jou jakkals in die buitekamer.

ANS (*bly*):
Beteiken dit ek kan hom hou?

GRIETA:
Jy kan hom hou. In die buitekamer.

ANS:
Maar dis Ouboet se kamer!

GRIETA:
Wat daarvan? Hy's mos nie nou hier nie.

ALTYDANDERS:
Swaer Ouboet, so kom ek toe agter, het vir die soveelste keer êrens
gaan werk. 'n Kar en 'n werk kon hy nie hou nie, in elk geval nie
langer as 'n paar maande nie.

ANS (*half-vraend, half-opstandig*):
Ek het gedink ek kan hom maar in ons slaapkamer laat slaap.

GRIETA:
Dis 'n verderflike ding om te doen.

ANS:
Verderflik? (*Sy wieg die "baba"*).

GRIETA:
Dit kan onheil oor jou bring.

ANS (*nadrukliker wiegend*):

Onheil? Ag, dis ouvrustories, Ma.

GRIETA (*selfversekerd*):

Wel, moenie by my kom huil as die onheil oor jou kom nie.

ANS (*steeds nadrukliker wiegend, met paaiwoordjies*):

Wat se onheil?

GRIETA:

Skei uit met die gewieg! Gaan sit die ding in die buitekamer en sorg dat jy hier kom. Ons moet praat.

Terug na die "werklikheid" – aangedui met beligtingsverandering.

ANS:

Ma wou met my praat?

GRIETA:

Grace se kleintjie raak nou baie onwettig. En hy steek die ander aan.

ANS:

Dis nie waaroor Ma wou praat nie.

GRIETA:

Het jy nie gesien of daar nog wasgoed in Ouboet se kamer is nie? Hy's Sondag so haastig hier weg.

ANS:

Nee, Ma. Maar sy plek is bitterlik deurmekaar.

GRIETA (*hou haar arms, sug*):

Hy kort 'n vrou se hand. Amper veertig en hy kry nie rigting nie. Sit vir ons teewater aan.

ANS (*angstig*):

Ek wil nie nou tee hê nie, Ma.

GRIETA:

Wel, ek wil met jou praat. Sit nou vir my die ligte wasgoed in die masjien en gooi die donkeres eers in die mandjie.

ANS druk die ligte wasgoed in die masjien en bondel die donkeres in die mandjie. Sy gaan sit.

GRIETA:

Dis een van die dae tien jaar.

ANS:

Moet asseblief nie weer dáármee begin nie, Ma. (*Sy wil opstaan.*)

GRIETA (*sterk*):

Sit!

Kollig verskuif na BV en na die DIERE, wat nou na ALTYDANDERS sit en luister.

MUISHOND:

En toe?

ALTYDANDERS:

Dié keer het sy die waarheid gepraat.

BOBBEJAAN:

Oor Boer Jan?

ALTYDANDERS:

Ja. Oor Jan. Dat hy nie weet nie. Hulle het hom nooit vertel nie.

BOBBEJAAN (*hou sy lendene beskermend vas*):

Van sy toekoms?

ALTYDANDERS:

Van sy toekoms. Dit vertel Grieta toe vir Ans. Maar sy verbied haar skoondogter om met Jan te praat.

BOBBEJAAN:

So arme Jan dink hy's 'n man ...

ALTYDANDERS:

Hy traai en traai so al wat hy kan ...

JAKKALS:

Maar anderkant Fyndraai gebeur niks.

BOBBEJAAN:

En Grieta?

ALTYDANDERS:

Sy gaan haal toe die storie by Rut, en by die broer wat moet omsien na sy skoonsuster ...

MUISHOND:

Omsien na sy skoonsuster?

ALTYDANDERS:

Instaan is miskien 'n beter woord. Instaan vir sy broer.

MUISHOND:

Maar Jan is mos nie dood nie?

ALTYDANDERS:

Nie dood nie, maar totaal onbekwaam.

SKERPIOEN:

En Ouboet is so bekwaam soos 'n hings.

ALTYDANDERS:

Dié kan jy weer sê. Moenie vergeet nie: 'n Ooi is kosbaarder as korale, 'n stoetbok se peester meer werd as 'n draadspanner se pinkie.

SKERPIOEN:

So, dis wat die ouvrou wou hê?

ALTYDANDERS:

Ja, dié kom toe uit. Behalwe dat Ouboet nou nie juis stoetbok se gehalte is nie.

BOBBEJAAN:

Hoe weet jy dié goed?

ALTYDANDERS (*haal skouers op, sing*):

My naam is Jakob Windwaai

Ek waai net waar ek wil

Ek loop my pad soos 'n ramkiesnaar –

Maar toe 'k weer sien, lê ek op die klapperhaar ..

AASVOËL:

Maar hoe weet jy van die broer?

ALTYDANDERS:

Ek sê mos! (*sing*)

Ek hou my lyf slampamper

Ek lê daar uitgepaas

Die ouvrou skel my links en regs

Vir 'n suiplap en 'n dwaas ...

Kollig op OUBOET – ALTYDANDERS – wat in 'n stupor op sy kamervloer lê, 'n drankbottel in sy een hand. GRIETA stoot sy kamerdeur effens oop, stamp dit dan verder wawydoop.

GRIETA:

Ek kon dit gedink het. Wanneer het jy hier ingesluip?

ALTYDANDERS bring onsamehangende geluide voort.

GRIETA (*gaan sit, gespanne*):

Die Here moet my krag gee met jou.

Geen reaksie.

GRIETA:

Hoor jy my? Ek vra: wanneer het jy hier ingesluip?

ALTYDANDERS bring onsamehangende geluide voort.

GRIETA:

En waar kry jy die pluïens wat jy aan het? Seker weer die een of ander dronkmanskonsert gehou ná rugby. (*Sug.*) Ek weet nie hoekom ek so gestraf moet word nie. Daar's jou pa onder die grond, al sy drome weggedrink, hier's jy en jy doen dieselfde. Nie dat jy eintlik drome het nie. Hoor jy my?

ALTYDANDERS brom onsamehangend. Dit klink asof hy bevestigend antwoord.

GRIETA:

Ek weet nie hoe lank ek dit nog moet uithou nie. En wie weet van my ellende? (*Wag. ALTYDANDERS snork liggies.*) Niemand nie. Ek sal eendag in my graf lê, dan sal daar niemand wees wat sê: Daar lê Grieta Veldsman, sy't haar lewe op die brandstapel geplaas vir man en kinders nie ... (*Pouse. ALTYDANDERS gee 'n harde snork. GRIETA kyk met misnoeë na hom.*) Deurbringer. En jy moet oppas, 'n dag is 'n dag dan val die kers om, dan brand jy met bed en al uit. Hoor jy my?

ALTYDANDERS maak steeds onsamehangende geluide.

GRIETA:

Jy weet van Jan. Dat hy nie kan kinders hê nie. (*Sug swaar.*) Ek kan sien dit vát aan Ans. Ons moes nie vir haar gelieg het nie.

ALTYDANDERS bring geluide voort wat na instemming klink.

GRIETA:

Sy boer in die veld. Sy loop net. Loop en praat met haarself. Het nou die dag 'n jakkalsie hier aangebring, sy't vir hom hier in jou kamer nes gemaak. Maar jy't hom natuurlik in jou beskonkenheid laat wegkom.

ALTYDANDERS maak geluide wat dié keer soos 'n heftige ontkenning klink.

GRIETA:

Maar nou ja. Die jakkals is niks. Dis 'n jakkals. Boonop 'n rooi-baadje. Maar haar trane ... Dis duidelik dat sy na 'n kind verlang. (*Neem Bybel op, blaai daarin.*) Soveel onvrugbare jare. Jy sal 'n plan moet maak. Jy sal jou broer se losser moet wees. (*Sy begin lees.*) "Toe sê Boas aan die oudstes en aan al die mense: Julle is vandag getuies dat ek alles wat aan Giljon en Maglon behoort het, uit die hand van Naómi koop. En ook Rut, die Moabitiese, die vrou van Maglon, verwerf ek vir my as vrou om die naam van die dode oor sy erfdeel in stand te hou, sodat die naam van die dode onder sy broers en uit die poort van sy woonplek nie uitgeroei word nie. Julle is vandag getuies."

ALTYDANDERS protesteer onsamehangend.

GRIETA:

Ek weet jou broer is nie dood nie. Maar sy nageslag is dood. Wie moet by hom oorvat? Die jakkalse van die veld? Die voëls van die hemel? Luister: "So het Boas Rut dan geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en die Here het vir haar swangerskap gegee, en sy het 'n seun gebaar." (*Sy maak die Bybel stadig toe. Lig doof.*)

TONEEL VI

Kollig verskuif na die BV, waar die DIERE nog in hul skuilplekke is. Blou, newelike lig. 'n Jakkals roep. ANS, in haar nagrok, kom ligvoets oor die OV en op met die spiraal tot by die BV.

ANS (roep):

Jakkalsie! Jakkalsie! Bakoortjie! Tonnie-van-sy-ma! (*Suig-geluidjies, soos wanneer jy na 'n dier roep.*) Waar is jy? Waar kruip jy weg?

ALTYDANDERS begin dans om haar. Dis 'n subtile verleidingsdans, en sy sien hom aan vir OUBOET.

ANS:

Ouboet! (*Dam hom by.*) Jou gemene bees, jy het my jakkalsie laat wegkom!

ALTYDANDERS (gryp haar polse vas):

Ag nee! Ag nee! Wie's nou so kwaai? (*Hy trek haar teen hom vas.*)

ANS:

Laat my los! (*Worstel. Hy hou haar egter in 'n greep.*)

ALTYDANDERS:

'n Dier wat spook is vir die jagter die grootste uitdaging.

ANS:

Ek haat jou! Ek haat jou!

ALTYDANDERS:

Jy sal nog leer om my lief te hê. Jan se vlerke is geknip. (*Hy probeer haar na die gaasdoek sleep.*)

ANS:

Los my, Ouboet! Wat wil jy maak?

ALTYDANDERS (met duidelike insinuasie):

Wat ek die graagste maak.

ANS:

Jy's 'n monster. Los my, ek gaan skreeu!

ALTYDANDERS:

Ons is ver van mense af, ou sussie. Jy kan probeer ...

ANS:

Eina! Jy maak my seer!

ANS gil. Doodse stilte terwyl hy haar sleepdra. In silhoeët die bewegings van iemand wat haar hande agteroorgooi, asof sy iets onbeskryfliks aanskou.

ANS (met skrik):

Jy is nie een nie, jy is twee!

ALTYDANDERS:

In jou drome is ek nie twee nie; ek is baie.

ANS:

God sal my help ...!

Kollig op OV. KOMMISSARIS kom te voorskyn en neem gewigtig plaas.

STEM:

Mevrou Ans Veldsman, U Edele! Stilte in die hof!

ANS (verskyn senuagtig in die getuiebank, regterhand op die Bybel, linkerhand omhoog, sag): So help my God.

KOMMISSARIS (blaai deur papiere):

Behalwe die redes wat reeds deur u man aangevoer is ... is daar enige ander grond waarom u reken mevrou Grace Boois kan nie daarop aanspraak maak om haar seun op Vergenoeg te begrawe nie?

ANS:

Daar het die laaste tyd baie dinge plaasgevind.

KOMMISSARIS:

Die laaste tyd?

ANS:

Ek bedoel: die tyd net voor die brand uitbreek het, U Edele.
Voor Ouboet se dood.

KOMMISSARIS:

Soos?

ANS:

Daar was die hoenderkuikens. Nek omgedraai. 'n Klein jakkalsie
wat ek wou makmaak. (*Sy skud haar kop en maak haar oë toe asof
sy dit liewer nie wil oproep nie.*) Met 'n stomp mes ... (*Skep asem.*)
Inbrake, veral wanneer ons weg was, soos Sondae. (*Wag, asof sy
haar woorde soek.*) Nagmerries: ek het nagmerries gekry ...

KOMMISSARIS:

Nagmerries? Kan u besonderhede gee?

ALTYDANDERS (*kom ingedans*):

Beswaar, U Edele! Wat het nagmerries met verblyfreg te make?
Met plaasafsettings?

ANS (*asof in 'n dwaal*):

Dit was soos 'n sielkundige oorlog, soos goëlary, soos iets wat
aanhoudend voor jou venster verbyloop, soos klippe op die dak,
nie baie nie, net 'n paar keer, soos die brand in die rietbos, dit
was 'n klein brand, U Edele, maar dit kon nie vanself ... Soos 'n
bobbejaan, 'n dier, wat skielik in jou kamer verskyn ...

GRIETA (*wat eenkant staan*):

'n Bobbejaan! (*Lag uitbundig.*) Nee, Ansie, nou gaan jy te ver.

Jou verbeelding is ongesond. Jy's oorspanne.

ANS (*verbete*):

Jan moet hom skiet!

GRIETA:

Die oumense sê: Skiet jy die bobbejaan, sterf 'n kind van jou ...

Kollig op BV. Die DIERE in gesprek.

AASVOËL:

Dit smaak my hulle soek jou bloed, oom Joggem.

BOBBEJAAN:

Waar hoor jy dit?

AASVOËL:

Piekeloog het my vertel. Hy loop mos altyd daar op die werf waar
hulle die oorskietwater uitskiet.

BOBBEJAAN:

Daai ou rooi-oog skinderbek.

SKERPIOEN:

Ek het dit ook gehoor. Hulle gaan jou tog blaker, ou Boggembog.

BOBBEJAAN gryp in sy rigting, maar SKERPIOEN spring opsy.

YSTERVARK (*fluister hard*):

Ja, dié storie kom al 'n lang pad. Dis oor jy die kokerbome so
breek. As jy iets maak, moet jy pa staan daarvoor. As jy iets breek,
moet jy ook pa staan.

*Kollig verskuif na BV. PETRUS gooi 'n emmer aan 'n tou in 'n puts af,
katrol dit in, drink daarvan en was sy oë uit. Sit sy hoed op.*

PETRUS (*grom by homself*):

Draadregmaak! Sal nog my dood kos.

ALTYDANDERS (*verskyn handeviervoet links*):

My oompie! (*Hy slaan bollemakiesie en steek sy hand speel-speel uit.*)

PETRUS (*skrik, laat val die emmer*):

Hiert jou moerskontse maaifoerie van 'n nagloper, van 'n bekruiper, van 'n swetterse hoerjaer! My hier kom voorsny! Met my wil kom handspeel! (*Probeer hoed vasklou én keer tussen die bene. Hardloop ver.*)

Kollig op OV.

PETRUS (*uitasem*):

Ek's g'n sy maat nie, wie dink hy is hy? Jan! Seertjie Jan!

JAN (*kom, hamer en tang in die hand, aangestap*):

Wat skree jy so vroemôre, Petrus?

PETRUS:

Die Drawwer, seer Jan, ek't die Drawwer gesien. (*Keer weer na sy lende se kant toe.*) Hy't my amper gehad ook.

JAN:

Jy't weer te veel tghie-vleis geëet gisteraand. Dit was 'n nagmerrie.

PETRUS:

Newwermaaind tghie, newwermaaind merrie. Daai ding vreet 'n man se toekoms vir brekfis op.

JAN:

Loop nou terug vee-pos toe. Die Park het gebel. Daar het 'n leeu gedros. Daar moenie moeilikheid by die kleinvee kom nie.

PETRUS:

Maar ek het sy spoor gesien.

JAN (*ontsteld*):

Wat? Die leeu s'n?

PETRUS:

H'n-n. Die Drawwer s'n.

JAN (*draai om, laggend*):

Loop in jou verstand in. Maar laat daar nou één skaap weg wees.

PETRUS:

B's Jan, daar is nog 'n ding.

JAN:

Ek luister, Petrus. Praat gou.

PETRUS (*draai sy hoed in die rondte*):

Dis die ding van Ouboet se klong.

JAN (*begin hamer en werskaf aan die vanghok*):

Praat, Petrus.

PETRUS:

Hy wil nie vir my luister nie. Dis 'n annerlike klong, b's Jan. Hy loop waar hy wil, hy maak of die wêreld syne is.

JAN:

Wat moet ek doen?

PETRUS:

Hier kom moeilikheid, baas.

JAN:

Ek het gedink. Hulle sal moet dorp toe.

PETRUS:

Dorp toe? (*Dink na.*) Dorp toe? Ai, seertjie. Dis hout, dis vleis, dis water, dis jou lewwetrie – vir als moet jy betaal. Hoe sal my sustertjie regkom?

JAN:

Nou wat sê jy dan?

PETRUS:

As ek mag sê, moet daar miskien éers gepraat word. As leeu hier skaapvang, raas ons mos Park se kant toe. Die kind se pa moet enerlik met hom praat.

JAN (moedeloos):

Jy weet hoe dit met Ouboet is, Petrus. Maar ek sal vir nooi Grieta sê. Vir my sal hy nie luister nie.

PETRUS:

Ek is nie so lós grootgemaak nie, b's Jan. As 'n man sy hoed voor die meisie se ouers op die grond geloop gooi het, dan vat hy ook aanspreeklikheid.

JAN:

Maar hier is nie sprake van 'n hoed nie.

PETRUS:

Nee, eerder van kruisbande. Dit vat mos wat dit kry. Vat hier en los daar.

JAN:

Soos rooikat.

PETRUS:

Oeeee seer Jan! Hoe sal ek vergeet? Dourie keer het rooikat sewe kapaterbokke – sewe! – gevang; as jy maar gewaar, daar lê die bok. Net die boudvleise uitgevreet. Jy kan maar yster stel; hy kom nie weer nie, hy kom vreet nie weer daar nie.

JAN (sug):

Ja. Ek is bevrees Ouboet is ook so.

Kollig op ALTYDANDERS wat weer – soos voorheen – as OUBOET op sy kamervloer uitgestrek lê met 'n drankbottel in sy hand. GRIETA staan met haar hande voor haar bors na hom en kyk.

GRIETA (sug):

Sal dit help ek praat?

ALTYDANDERS sit half regop, brom. Vat 'n sluk uit die bottel. Sak dan weer skuins agteroor.

GRIETA:

Wat het ek gemaak om jou te verdien! Jy is soos 'n weerbarstige bok. Jy breek links en regs blomme af en gee nie om wat van die bome word nie.

ALTYDANDERS praat binnesmonds.

GRIETA:

Maar jy het te ver gegaan. Ek weet daar is meisies wie se knieë voor jou lam word – die Here weet waarom – maar met Grace het jy te ver gegaan. Nou moet jy jou verantwoordelikheid aanvaar. *ALTYDANDERS kom halfpadorent en maak tekens asof hy begrypen saamstem.*

GRIETA:

So nie, laat skryf ek my testament oor.

Kollig verskuif van OV na BV, volg ALTYDANDERS wat slingerend en singend aangeloop kom. Die DIERE is besig om hom te bespreek.

YSTERVARK:

En so vinnig! Hy verander hom soos nou. Jy kyk nog, dan's hy nie meer blom nie, dan's hy rooikat, dan's hy rooi lap op die draad,

dan's hy boerbokram se rooi, dan's hy ouvrou se bloemer ...

IETERMAGÔ:

Doen hy goed of doen hy kwaad?

SKERPIOEN:

Smaak my hy doen altwee.

BOBBEJAAN:

Antie ken hom nog nie lekker nie.

JAKKALS:

Hy kan skree soos maervark en hy kan stilraak soos trapsoetjies.

Hy kan blêr soos dassieadder en hy kan grom soos volstruis.

MUISHOND:

Hy't ore soos oom Olifant. As jy weer kyk, is hulle plat soos hoender s'n.

AASVOËL (*vanaf sy uitkykpos*):

Hier kom hy! Newwermaaind hoender. Hy loop soos 'n gans.

ALTYDANDERS (*pratend, singend, die bottel nog in sy hand*):

Koppievattie koppievattie koppievattie ... (*ad lib.*) Die lig is danig skerp vanmôre. Hulle sê ek's nie lekker nie, skuins bedonnerd, issiewarie, issiewarie. Ek's getoor, sê hulle. Wat's getoor? Bojaandrolle in my maag? Aapkloutjies voor my lêplek? Huis hét ek nie, ek's soos die voëls van die hemel, ek bly in gate soos die jakkalse. Oorlat en omlat. Ondou, ondou: ismanet ismanet ismanet oor ek hoeiiiintoe kyk, hoeiiiintoe my oubie, hoeiiiintoe my Kroon, ek ken die kuns van tale, ek is geseën met die woord, met die lied. Wie kan musiek maak soos ekke? Wie kan paljas met die lyf, wie kan sing en dans soos hiérie man? Wie kan die snare roer soos Jakob Windwaai? Wie? Ek vra julle: wê? Daai man kan kom. Hy sal my nout nie sien nie. Want hoe's dit dan? Hoe's dit dan? (*Sing en boots DIERE na.*)

My naam is Jakob Windwaai,

ek waai net waar ek wil!

Die banges noem my Drawwer,

vir ander is ek Swartkraai.

Arra!

Ek hou my lyf mos rooikat:

dan's ek ene klou en tand.

As jy weer sien, is ek horingsman:

Vlak by jou voet innie sand.

Afdraand seil ou blinkpens!

Hêit, blikperd, blikperd,

hoeintoe gaan ons nou?

Gaan jy hiernatoe,

gaan jy daarnatoe,

as jy wat wil hê, gaan jy O'kiep toe!

Maar die pad is lank en ver,

die pad is lank en ver

en die heelyd loop hy ópdraand.

(*Hy vat 'n groot sluk en wieg op die rand van die BV.*)

Maar my naam is Jantjie Newwermaaind.

Hêit! Gooi jou lyf.

Ek is Jakob Windwaai Gladdebek.

Is ék!

Sien jy my nou, sien jy my nie.

Ek's ratser as verstand.

Hoe dan nie?

Tsoei-goab is my tata!

DIERE (*sing*):

Tsoei-goab is sy tata! Tsoei-goab is sy tata!

Sien jy hom nou, sien jy hom nie –

Tsoei-goab is sy tata!

TONEEL VII

Kollig op OV. GRIETA besig met handewasgoed.

PETRUS (*uitasem, ontsteld*):
Nooi Grieta moet kom!

GRIETA (*maak voorskoot los*):
Wat's dit nou met jou, Petrus?

PETRUS:
Dis moeilikheid, nooi Grieta.

GRIETA:
Watse moeilikheid?

PETRUS:
Die veld brand daarso.

GRIETA:
Waar?

PETRUS:
Daarso agter. Na die Park se kant toe.

GRIETA:
Weet Jan?

PETRUS:
Ek kry die kle'baas nêrens nie. Ek dink hy't anderplaas toe gery.

GRIETA:
En Ouboet?

PETRUS:
Ek het hom sien ry na die brand toe.

GRIETA:

O Here. Hardloop, Petrus. Jy weet hoe dit is. Hy kan enigiets aanvang as hy gedrink is. Ek bel solank die Van Rooyens en die Van Niekerks. (*Roep binnetoe.*) Anna! Ans!

PETRUS:
Die kleinnôi is ligdag uit veld toe. Dit lyk sy loop in 'n dwaal.

GRIETA:
Dit ook nog. Nou toe, kry nog manne en gryp sakke in die skuur. Maak hulle nat in die boonste krip. Ek kom!

In silhoeët: brandslaners probeer vlamme uitdoof. Die DIERE kom presies so verwese aan as in toneel I.

Kollig op OV, waar die KOMMISSARIS sy plek gaan inneem.

STEM:
Stilte in die hof!

Almal staan op.

KOMMISSARIS (*kom binne met twee handspeëls, neem waardig plek in; waai met sy hand sodat hulle kan sit; beskou homself van agter en van voor in die speëls, herskik sy pruik, ensovoort.*): Die Kommissie sal nou luister na mevrou Boois se appèl.

GRACE:
My seun het gesterwe, Edelaybare. Volgens ons geloof moet hy op sy geboortegrond begrawe word. Dis waar ons voorvaders ook begrawe lê. Ek wil hom vooruit stuur. Ek wil ook daar gaan lê.

KOMMISSARIS:
En die geboortegrond waarvan u praat, is dit die genoemde ... (*Blaai deur sy papiere.*) Vergenoeg?

GRACE:

Dit is so, meneer.

KOMMISSARIS:

Die plaas: wie se eiendom is dit?

GRACE (beduie):

Dis meneer Veldsman s'n.

KOMMISSARIS:

Sy wettige eiendom?

GRACE (verleë):

Dit kan ek nou nie sê nie, Meneer. Maar ek betwis dit nie. Ek meen hy't dit van sy broer gekoop, of dis afgeteken. Maar ons het die plaas pláás help maak.

KOMMISSARIS (kyk na sy papiere):

Volgens hierdie dokumentasie moes u die plaas sewe jaar gelede verlaat.

GRACE:

Dit was nog in nooi Grieta se tyd, ja, Meneer. Dis so lank as wat nooi Grieta in haar graf is.

KOMMISSARIS (aan die notaris):

Daar sal genotuleer word dat die getuie na mevrou Magrieta Johanna Albesina Veldsman, gebore Sieverts, verwys.

KOMMISSARIS:

Het die plaas tóé nog aan haar behoort?

GRACE:

Ek kan eerlik nie sê nie, Meneer.

KOMMISSARIS (streng):

Mevrou Boois, jy is onder eed.

GRACE:

Edelagbare, ek was nie by toe daar een uur te perd noord en een uur te perd oos gery is en so aan vort nie. Toe die bakens gepak is nie. Ek weet net voor dit wás daar nie bakens nie. Dit het my grootjie my vertel. Net die vrye, wye veld. Daar was riviere: Gariep was daar met sy rolwater; en die Auob en die Nossob ...

KOMMISSARIS:

Maar iémand moes tog eerste daar gebly het?

Die DIERE vorm 'n spreekkoor op die BV. ALTYDANDERS is hul spelleier. BOBBEJAAN begelei met handgeklap; YSTERVARK met sy kastanjette.

DIERE:

Wie het waar gebly?

Wie het waar gebly?

Wie kan sê wie kan sê

wie het daar gebly?

Dis nie myne nie, dis nie joune nie.

Dis anderman se grond wat julle om stry.

TONEEL VIII

Kollig op OV. KOMMISSARIS neem sy plek in. Drink water.

YSTERVARK:

Ons wat nie kan praat nie, het eerste daar gebly.

AASVOËL:

Ons wat nie voor die voet loop en skiet en tande uitslag nie.

MUISHOND:

Ons wat nie horings uitsaag en strikke stel nie.

BOBBEJAAN:

Ons wat nie springhaas en steenbok in die gorrels rondjaag en veld aan die brand steek nie – óns het eerste daar gebly.

SKERPIOEN:

Vra vir antie Ieter. Sy kom 'n lang, lang pad.

IETERMAGÔ:

Vra vir Dik-dik; haar ma-hulle het oor die hele Agterveld geloop. Waar is sy vandag?

DIERE:

Vra vir Dik-dik! Vra vir Dik-dik! Vra vir Dik-dik! (*Ad lib. Dit word 'n slagkreet.*)

STEM (bulder):

Stilte in die hof!

GRACE:

Wat is dan so verkeerd as ek my kind wil begrawe waar hy paadjies in die sand uitgespeel het? Waar hy !hans en n'abbas gegrawe het? En ek? Hoekom mag ék nie kom loop waar my voete winterbars gekry het nie? Waar ek somertyd gehól het oor die warm sand – net om vir nooi Grieta te gaan skrop en was en seepkook nie? Maar dít weet ek darem: Toe nooi Grieta nog kon loop, het sy vir Ouboe gedryf om te erken Whitey is syne. Meer as dit kon sy nie regkry nie, want die brand het sy skande gekom toeskroei. Maar toe Whitey eers in die tronk sit, het sy vir Jan gemáák tronk toe ry dat sy 'n Bybel in my kind se hande kon gee. So was sy.

KOMMISSARIS:

Die dorp se mense ...?

GRACE:

Hulle't haar nooit vergeef nie. (*Pouse.*) Nooit. Ek weet mos wie by haar was toe sy siek geword het. Wie nié. En jy kon daai mense op die vingers van één hand tel. Ek het dan sêlf teruggegaan toe ek hoor die vuur is in haar liggaam in en sy lê. Wie moes vir haar sôre? Ek het vir Jan – vir meneer Veldsman – gemáák my kom haal op die dorp. Die ander? Die dorpenaars? Nee, hulle het haar nooit vergeef nie. (*Wag.*) Maar loop kyk nou haar lêplek daar teen die bult waar die trassiebos staan. Dis net blómme! Daar sal nie 'n dag omgaan dat daar nie blomme op daardie vrou se graf is nie. Vars blomme.

KOMMISSARIS:

Vars blomme, hier in die wildernis?

GRACE:

Al moet hulle ook ingevliég word. Net so, Meneer. Dis nou (*reken vinnig uit*) vyf-ses jaar en daar is altyd vars blomme op die graf.

KOMMISSARIS:

Maar hoe verstaan ek nou? Ek dag jy sê die mense het haar ge-haat? Selfs haar eie kinders, haar familie?

GRACE:

So het ek gesê. Maar dis so beskryf, Meneer. Elke sent wat sy gehad het, is vooruit bestee aan blomme. Sodat vreemdelinge wat in die kerkhof kom, verwonderd mag staan. Sy het gesorg dat iemand onthou, dat iemand sal vra: Wie lê daar? Tussen al die blomme? En wie sou dán kon antwoord? Sy's ingespit met soete wraak. Nie hulle s'n nie. Háre.

STEM (hard):

Die hof roep as getuie: Petrus Boois!

PETRUS:

So help my God, Edelaagbare. Ek kan niks op die Veldsmans sê nie,

my Kroon, hulle was nog altyd vir my goed. Meer nog so in nooi Grieta se tyd; al was sy partykeers ook moerskwaai.

KOMMISSARIS:

En meneer Veldsman?

PETRUS:

Hy verdien sy grond met sy hande, Meneer. Niemand kan werk soos hy nie. Daai seertjie is op voor enigeen op is, en daarby reken ek nou die hoenders ook. Kom kelkiewyn verby – kelkiewyn-kelkiewyn, ek-soek-na-myn, ek-soek-na-myn – dan's Jan Veldsman hoeka tussen sy kleinvee. En as lewerkie begin sing toedlie-hoentoe-hoei? Waar gaan ons slaap? Dan werk die man nóg. Maar kos het ek altyd gekry.

KOMMISSARIS:

Nou, meneer Boois, hoe voel u oor die begrafnis van u susters-kind?

PETRUS:

Nee, ek is hartseer, my Kroon.

KOMMISSARIS:

Ja, ons is almal hartseer, maar ek bedoel: oor waar hy begrawe moet word?

PETRUS:

Ek meen hy moet tog maar op Vergenoeg kom lê. Kom rus.

STEM (hard):

Die hof roep meneer Jan Antonie Veldsman!

JAN:

So help my God.

KOMMISSARIS:

Is daar enige nuwe besware wat u wil opper in verband met die

versoek van mevrou Boois oor haar seun?

JAN:

In beginsel, Edelagbare, in beginsel het ons nog nooit iets daarop teë gehad nie – maar dink net vir 'n oomblik aan die simboliek. As Whitey Boois op Vergenoeg begrawe word, dan koop hy met sy liggaam 'n stuk van die plaas af; 'n plaas wat al geslagte lank in die Veldsmans se besit is. Dan is daar 'n houvas; dan kom dit in die morele besit van vreemdes wat al hoe meer gaan eis – elke graf wat in hierdie land gegrawe word, versterk die aanspraak. Die Veldsmans het die Agterveld makgemaak, Edelagbare, leesus en luiperds en wildehonde ...

DIERE (sissend):

Vra vir Dik-Dik!

Vra vir Dik-Dik!

Vra vir Dik-Dik!

STEM:

Stilte in die hof!

ANS:

U weet hoe dit met die plase gaan ... ons lewe in vrees.

JAN:

... ons het draad gespan en kamp gemaak en water aangelê – die pype krul die wêreld vol, net die ystervarke gee soms las – en ons het skaap en bees laat kom en klipkrale met die kaal hande gebou ... En ondanks die foute wat my voorvaders gemaak het – en hulle is legio – wou ek nog altyd in harmonie met my omgewing leef, met mens en met dier.

KOMMISSARIS:

Nou waarop grond u dan u finale beswaar?

JAN:

Ek grond my beswaar, Edelagbare, op die feit dat van Whitey Boois 'n onverdiende martelaar gemaak word, 'n held sonder rede, soos wat deesdae al meer gebeur. (*Pouse.*) Ek sal liever die plaas deel met Petrus en met die diere – hulle wie se enigste tuiste hierdie klipwildernis is. (*Af.*)

GRACE, hoed op, neem haar plek in.

KOMMISSARIS (*begin lêers en papiere bymekaarmaak; staan op*):

Nou ja, wat die appèl betref: Ek weet wat my hart vir my sê. Maar die wetboek sê anders.

GRACE:

Hoe meen Meneer nou? Waar moet ek hom dan gaan wegsit? In die park? Hier langsaan?

KOMMISSARIS:

Dit is die reg – so sê die wet – van alle landsburgers om hul geloof en godsdienstige oortuigings uit te leef wanneer hulle hul naasbestaandes begrawe. Maar geen regsgrond is aan die hof voorgelê dat iemand algehele vryheid het om te kies waar so 'n begrafnis moet plaasvind nie. Ek moet dus die reg van die plaaseienaar – die reg om te weier – handhaaf.

GRACE (*asof sy hom nie hoor nie*):

Waar is langsaan, Meneer? Waar is langsaan?

KOMMISSARIS af. Lig doof op GRACE, wat bly staan. Kollig op BV. Die DIERE is nog in 'n luisterende posisie, asof hulle op 'n uitslag wag.

ALTYDANDERS (*loop teen die BV op; stuit by die graf met blomme*):

O, grond! O bloed!

Wat joune is, is klein.

Dit kry 'n kopklip en 'n toemaakklip –

en die res sal verdwyn!

DIERE:

O, grond! O bloed! Wat joune is, is klein.

Dit kry 'n kopklip en 'n toemaakklip –

die res sal verdwyn! (*Herhaal.*)

TONEEL IX

AASVOËL:

Was darem 'n vreeslike ding, Grieta se begrafnis.

BOBBEJAAN:

So min mense. Ek het hulle hier bo van my klipkrans af getel.

JAKKALS:

Net die predikant en die naaste familie. En die grafgrawer.

SKERPIOEN:

Wat dan van die broer uit die stad? Het hy nie gekom nie?

YSTERVARK (*snork*):

Hoekom sou hy? Hy word betaal om minstens vir die res van sy lewe blomme te stuur.

IETERMAGÔ:

Hy het darem altyd aan sy ma geskryf.

SKERPIOEN:

Het hy nou opgehou om briewe te skryf?

Kollig op die DIERE, wat 'n voorstelling gee van die matriarg se eenvoudige begrafnis. Baie plegtig. Die "kis" word in die graf – een van die

luike – laat sak en 'n vrag blomme bo-op geplaas. MUISHOND is die "dominee". Die kollig het intussen ook weer op GRACE, steeds op die OV, begin skyn.

IETERMAGÔ:

Hy't nog een brief geskryf, vriende. Noem dit maar 'n begrafnis-brief. 'n Grafbrief.

ALTYDANDERS (*LV, in die rol van die Veldsman-broer uit die stad; lees brief voor*): Ma, al die bure uit die omgewing was daar. Dié wat nog oor is. Hendrik en Alwiena en die Noltes van Seweduin. Die Van Niekerks en die Van Rooyens ook. Die Hollenbachs het spesiaal uit Australië gekom. Lewies Langdam en sy nuwe vrou. Arme kind. Van die dorpenaars ook: die garage-eienaar (ek het nou sy van vergeet), oom Tollie van die kafee (ek het nie geweet hy leef nog nie, hy is seker by die honderd), die vrou van die magistraat was daar, so ook die bankbestuurder. Hy sê die dorp gaan agteruit; en dit lyk ook so ... die bank gaan sluit. Al die Bonthuyse tot oom Kallie was daar. Die dogtertjie met die koekies by Skemersig se ma en 'n meneer was daar. Kleinboet Jan het oud geword, jy kan dit aan sy hare en aan sy oë sien, die *spark* is weg. Dis nie meer lekker om te boer nie. Hy praat darem van saamboer met die oorgrenspark, as ek dit reg verstaan. Ek weet nie wat dit beteken nie. Ons hier in die stad is ver van sulke dinge. Ans het sulke leë oë. Haar moedeloosheid staan sommer oor haar gesig geskryf. G'n mens weet ook hoe sy dit daar in dié godvergete wêreld uithou nie; sy's so stad gewoond. O, en amper vergeet ek: Baby het kom kuier van Kimberley af en haar dogtertjie was so vrolik soos 'n AGS-lidmaat; toe ek omkyk, hoor ek Ma se stem: "Give my eyes to a little girl who has never seen the light." Ek hou van Baby se man, hy's skerp, hy lag met my, nie vir my nie. AVBOB se blaadjie sê Ma is al 'n jaar gelede oorlede. Ek het voor gesit, heel eerste in die bank. Toe ek opkyk, toe sê ek: "Here, help my vir die lelike blomme." Vandat Suzie-hulle Kanada toe is, is daar seker niemand meer oor wat kan rangskik nie. Ek dink toe: Ma was altyd so lief vir blomme en vir die mooi dinge!

Toe hoor ek Ma praat, en Ma sê: "Die blomme is mooi, my kind – net bietjie slordig ingesit." Die *fans* in die dak was op *full speed*, dit was so warm soos wat dit net in daardie wêreld kan word; gelukkig was my hare kliphard gespuut. Ons het toe vir "Nader my God" gesing en Ma, weet Ma, Grace Boois was daar, sy en Petrus het heel agter gesit, net waar jy inkom, maar jy kon haar stem deur die hele kerk hoor klink. Dit val my nou by ant Fienie was daar, maar daar was nie juis jong mense of kinders nie. Behalwe die Riekerse se aangenome kind, en Ma weet, Ans se oë het so opgehelder toe die kind sê sy het 'n broertjie wat huis soek. Dalk kry Vergenoeg nog 'n erfgenaam. Ek is uit plaas toe, maar ek's weg voordat hulle oor die grond en die testamentsverandering begin praat het, Ma. Bye, Ma laat die reis mooi wees. – Kobus.

Terwyl die DIERE die kis laat sak, bring ALTYDANDERS sy fluit te voorskyn. Hyspeel 'n elegiese variasie van "Vat jou goed en trek, Ferreira" Die gefluit gaan oor in sang en die DIERE val ook in.

DIERE:

Vat jou goed en trek, Ferreira ...
Vat jou goed en trek ...
Swaar dra, al aan die een kant ... (*ad lib*)
Dis nie myne nie, dis nie joune nie;
dis andermansgoed wat ons om stry ...
(*Gaan oor in 'n herhaling van*)
Dié kant toe en daaikant toe,
alkant toe en waaikant toe.
Die wêreld is wyd en die wêreld is groot,
die wêreld is te klein vir andermansnood ...

Die lig doof finaal op die BV en dan op die OV, waar GRACE nog staan.

MY PLAAS SE NAAM IS VERGENOEG speel af tydens 'n Kommissiesitting om te bepaal of die eerstydse plaashulp, Grace Boois, haar seun op die Veldsmans se plaas, Vergenoeg, mag begrawe. Dit is 'n beeldryke stuk waarin die geskiedenis en die hedendaagse aktualiteit teenoor mekaar afspeel.

George Weideman doen vertaalwerk, skryf gedigte, kortverhale, romans, jeug- en kinderverhale, dramas en radiodramas.

Reeds in die tagtigerjare skryf hy *M29* (1986), 'n *Smerige geskiedenis* (1987) en *Gyselaars* (1988). In die vroeë negentigs skryf hy twee jeugteaterstukke, *Wees* en *Die saalspook*. In 1996 is sy eerste radiodrama, *Sneeu*, uitgesaai. Nadat hy in 2001 die derde prys vir *Lig* ontvang het, skryf hy 'n eenpersoonstuk, *Die laaste ure van meneer Fabricius* wat in 2001 op die planke gebring word. In 2004 verower hy die eerste Sanlam-teaterprys met *My plaas se naam is Vergenoeg*, in dieselfde jaar word die Sanlam-prys vir die beste radiodrama aan hom toegeken vir die drama *Sand*.

ISBN 1-920059-03-2



9 781920 059033